



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
VRAESTEL 2  
SEPTEMBER 2017**

**PUNTE: 70  
TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 40 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: Roman (35)

AFDELING B: Drama (35)

AFDELING C: Kortverhale (35)

AFDELING D: Poësie (35)

4. Kies die TWEE vrae wat jy behandel het. EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat jy bestudeer het.
5. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas bestudeer het, aan.
6. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle behandel het.
7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
10. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute vir elke afdeling.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN****Beantwoord slegs EEN vraag**

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	35	4
2. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	35	8
3. <i>Meeulanders</i>	35	12
4. <i>Lien se Lankstaanskoene</i>	35	16

**AFDELING B: DRAMA****Beantwoord slegs EEN vraag**

5. <i>Poppie – die drama</i>	35	20
6. <i>Paljas</i>	35	24
7. <i>Fiela se kind</i>	35	28

**AFDELING C: KORTVERHALE****Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.**

8. Veertig sinkplate teen die suidewind	18	33
<b>EN</b>		
Oom Dries se sorg met Jantjie	17	35

**AFDELING D: GEDIGTE****Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.**

9. Huiskat	17	37
<b>EN</b>		
Ek het 'n huisie by die see	18	39

**KONTROLELYS****Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

AFDELING	VRAAGNOMMERS	GETAL VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (✓)
A. Roman	1-4		
B. Drama	5-7		
C. Kortverhale	8		
D. Gedigte	9		

**AFDELING A: ROMAN****VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

1. Kate
2. Sy was 'n droom. 'n Kind wat met haar kop in storieboeke geleef het, met haar
3. verbeelding vir haar mense uit die stories gehaal en hulle met vlees en bloed
4. aangetrek het. Soos hy. Oor 'n jaar of twee, wanneer sy groot is, sal sy haar
5. storieboekmense afsterf en sal sy agter kanthandskoentjies saam met die ander
6. van haar soort giggel as die boswaens die dorp inkom. Maar Saul Barnard sal
7. nie op die wa wees nie. Dit sweer hy. Hy het sy pa-hulle die volgende dag
8. tussen die Knysna en die Homtini gekry. Bokant Krisjan-se-Nek.
9. "Sanna het gesê Pa-hulle kap hierdie kant toe."
10. "Ja. Ons gaat saans huis toe."
11. Jozef en Izak het by die staankuil gesaag en die tweemansaag het net
12. 'n oomblik vasgesteek toe hulle hom groet. Ou Anneries het darem
13. met die hand kom groet.
14. "Ek is weg by MacDonald, Pa." Die reuk van stinkhout het in die lug
15. gehang. Sy pa het opgekyk maar niks gesê nie. "Ek is terug in die
16. Bos." Op die staankuil het die saag egalig tussen Jozef en Izak
17. gesnork.
18. Daar was 'n tamheid in sy pa. "Arend van Martiens Botha is gister by
19. Diepwalle gebêre. Sy siel is nie meer op die aarde nie."
20. "Ek het gehoor, Pa."

- 1.1 Waar het Saul die eerste keer vir Kate gesien? (1)
- 1.2 Voltooi die sin en kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
 

Saul was een van Kate se storieboekmense. Saul is die MacDonalds se eie (David Copperfield / Charles Dickens) genoem. (1)
- 1.3 Wanneer het Kate vir Saul een van haar storieboekmense gemaak? (1)
- 1.4 Saul het gesweer hy sou nooit op een van die boswaens wees nie, want hy was skaam vir sy familie.
  - 1.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.4.1. Verwys na Saul se andersheid. (1)

1.5 In reël 14 – 15 sê Saul: “Ek is weg by MacDonald, Pa.’ Die reuk van stinkhout het in die lug gehang.”

Die reuk van stinkhout in hierdie situasie, kon vir Saul laat dink het aan daardie dag, twee jaar gelede, toe Joram hom weggejaag het. Verduidelik wat gebeur het dat Joram daardie keer vir Saul weggejaag het. Gee DRIE feite. (3)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Saul is weg by MacDonald omdat ...

- A MacDonald uitgevind het dat Kate Sondae by Saul kuier.
- B Saul op die kaai na die skepe gekyk het en nie gewerk het nie.
- C die bosmense hom beskuldig het dat hy hulle verraai het.
- D Arend dood was en Saul geglo het dit was MacDonald se skuld. (1)

1.7 Kies die plek uit KOLOM B wat pas by die gebeurtenis in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (1.7.1 – 1.7.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.7.1 Hier het Saul vir Sanna gekry.	A Meulbosstroom
1.7.2 Hier het Saul se grootouers gewoon.	B Krisjan-se-Nek
1.7.3 Hier is Saul gebore.	C Groot Eiland
1.7.4 Hier het Saul vir goud gedelf.	D Diepwalle
	E Gouna

(4 x 1) (4)

1.8 Waarom het Joram, Saul se pa, nie die woord “dood” in reël 19 gebruik nie? (1)

1.9 Watter vreemdeling het Arend vir Saul uit die Bos help dra? (1)

1.10 Hoekom het MacDonald vir Patterson Bos toe gestuur? (1)

- 1.11 Jozef het Saul nie baie vriendelik gegroet nie. Jy kan Jozef se houding verstaan as jy terugdink aan die eerste Kersfees nadat Saul die Bos verlaat het.

Wat het daardie Kersfees tussen Saul en Jozef gebeur?

(1)  
(17)

### EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS B

1. Hoe later dit geword het, hoe meer het dit gelyk of haar hele wese om
2. hulp roep, en in sy eie gemoed het dit vir hom gevoel of alles in hom
3. vaster en vaster kramp.
4. “Wanneer gaan jy weg, Saul?”
5. “Ek begin môre trek.”
6. Hy het binne vuur gemaak en sy het met ’n kombes om haar gesit
7. en haar hare drooggemaak. “Moenie weggaan nie,
8. Saul. Asseblief.”
9. “Kate, op hierdie oomblik is ek net van twee dinge seker: dat ek jou
10. liefhet en dat ek so gou as moontlik uit hierdie bos moet padgee. Voor
11. ek moord pleeg.”
12. “Belowe my net een ding?”
13. “Ek dink nie ek dink op hierdie oomblik nugter genoeg om enigiets te
14. belowe nie, Kate.”
15. “Belowe my dat jy nie weer sal wegraak nie, dat ek sal weet waar jy is.”
16. “Ek dink ek sal die eerste ruk op die dorp gaan bly.” Daar was hoop
17. in haar oë toe hy die handdoek by haar neem en self haar hare begin
18. droog vryf.
19. “Saul ...” Haar stem het gedemp en tevrede van onder die handdoek gekom.
20. “Vra vir my of ek jou liefhet.”
21. “Het jy my lief, Kate?”
22. “Baie. Van altyd af.”

- 1.12 Waarom was Kate en Saul in hierdie uittreksel so nat? (1)
- 1.13 Hoekom is Kate hier saam met Saul in die Bos? (1)
- 1.14 “All woodcutters are wild and dirty and so are their children.”  
Terwyl Kate en Saul saam in die Bos was, het sy vir Saul gevra om haar te vergewe omdat sy hom met hierdie woorde seergemaak het.
- 1.14.1 Waarom moes Saul vir Kate vergewe? (1)

- 1.14.2 Hoe het hierdie woorde vir Saul in sy lewe gemotiveer? (1)
- 1.15 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.
- A Kate het vir Saul agtervolg.  
 B Saul het gehoor dat die delwers in die Bos mag aanbly.  
 C Saul het besluit om die Bos te verlaat. (3)
- 1.16 Hoe lank het Kate hier by Saul in die Bos gekuier? (1)
- 1.17 Sê wát vir Kate in Saul se blyplek verras het. (1)
- 1.18 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (1.18.1 – 1.18.4) en die antwoord neer.
- vrek; sleeppad; gekwes; oorleef; Ratelbos; eerste; vierde; vyfde
- Kate en Saul het Oupoot se spore in die (1.18.1) ... gekry. Saul het geskrik toe hy vir Oupoot sien omdat Oupoot (1.18.2) ... was. Dit was die (1.18.3) ... keer dat Saul vir Oupoot van naby gesien het. Kate was oortuig dat Oupoot sou (1.18.4) .... (4)
- 1.19 “Moenie weggaan nie, Saul. Asseblief.” (Reëls 7 en 8)
- Alexander MacDonald, sou gelukkig wees dat sy dogter vir Saul gesmeek het om te bly.
- 1.19.1. Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.19.2. Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.19.1. Verwys na hoe MacDonald teenoor Saul opgetree het. (1)
- 1.20 Terwyl Saul en Kate saam in die Bos was, het Kate vir Saul gesê dat hy die *mooiste mens* was wat sy geken het en dat hy *nie so harteloos* was soos baie ander mense nie.
- Verduidelik waarom jy met Kate se woorde hierbo kan saamstem. (2)
- 1.21 Watter les oor deursettingsvermoë het jy in hierdie roman geleer? (1)
- (18)**  
**[35]**

OF

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –  
Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

1. Liewe leser, ek weet nie of ek hierdie vakansie gaan oorleef nie. Ek weet nie of ek elke aand
2. *Naam, van, dorp, dier* kan speel sonder om waansinnig te word nie. Of minstens nou en dan
3. flou te val nie.
4. Ek wens ek kon vir Sharon bel. Haar soebat om 'n paar dae vroeër te kom. As Sharon eers
5. by ons is, sal my ma ons nie kan dwing om elke aand te maak of ons 'n gesin uit die vorige
6. eeu is nie. Maar Beyers se selfoon werk nie hier op die berg nie. Ons is heeltemal afgesny
7. van die buitewêreld. Soos 'n gesin uit die vorige eeu.
8. Ek wens ek kon vir Gavin bel. Hom vra of ons nie maar die fees tot volgende jaar kan uitstel
9. nie. Ek het veertien verjaardae sonder hom gevier. Ek kan nog 'n jaar wag.
10. Aan die ander kant troos ek myself, hy sal seker geïmponeer wees met Sharon. Hy sal dalk
11. selfs 'n bietjie meer geïmponeer wees met my oor ek vir Sharon as beste vriendin kon
12. inkatrol. Dis hoe ek soms aan Sharon dink. Soos 'n vet vis wat per ongeluk – per geluk! –
13. deur 'n onbeholpe visser gevang is.

- 2.1 Kies die naam uit KOLOM B wat pas by die inligting in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
2.1.1 Hier het die gesin vakansie gaan hou.	A Hanna
2.1.2 Sy is Yann se ma.	B Margo
2.1.3 Slangvelbroek	C Gavin
2.1.4 Hierdie persoon is die verteller.	D Soutpansberg
	E Botterberg

(4 x 1)

(4)



- 2.2 Waarom, dink jy, wil Hanna nie elke aand *Naam, van, dorp, dier* speel nie? (1)
- 2.3 Verduidelik waarom dit vir die gesin uiteindelik 'n goeie ding is dat hulle heeltemal van die buitewêreld afgesny is. (1)
- 2.4 Hoekom, dink jy, wil Hanna nie vir Gavin by haar vyftiende verjaardag hê nie? (1)
- 2.5 Waarom sal Gavin met Sharon beïndruk wees? (1)
- 2.6 “Hy sal selfs 'n bietjie meer geïmponeer wees met my oor ek vir Sharon as beste vriendin kon inkatrol.”  
Verduidelik hoe Hanna en Sharon vriendinne geword het.  
Noem TWEE feite. (2)
- 2.7 Hanna was aanvanklik opgewonde oor Sharon sou saamkom vir die vakansie, maar later was sy minder opgewonde.  
Noem TWEE dinge wat Sharon tydens die vakansie gedoen het wat Hanna 'n bietjie geïrriteer het. (2)
- 2.8 Hanna sê dat Sharon se gesin baie meer geld as haar eie gesin het.  
Hoe weet ons hierdie feit is WAAR? Verwys in jou antwoord na hoe die gesin op die berg gered is. (1)
- 2.9 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer, bv. 2.9 E:  
Sharon en Fabienne het baie in gemeen omdat albei...  
A vriende met Hanna is.  
B fantastiese tande het.  
C 'n suster het.  
D van kuns hou. (1)
- 2.10 Hanna het 'n grimeerstelletjie by Sharon vir haar verjaarsdag gekry. Sy en Margot het vir Hanna 'n mooimaaksessie gegee.  
2.10.1 Hoe gebeur dit dat Margot saam met die gesin op die berg is?  
Noem TWEE feite. (2)  
2.10.2 Hoe verander Hanna se siening van haarself na die mooimaaksessie? (1)  
(17)

EN

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## TEKS D

1. “Maar sê nou jy’t ‘n sê gehad? Wat sou jy my genoem het?”
2. “Iets met ‘n bietjie meer van ‘n eksotiese klankie, my engel. Nie dat daar iets
3. verkeerd is met Hanna nie, hoor,” voeg hy verskonend by. “Maar dis nie...”
4. “Ek weet,” sê ek. “Dis nie...”
5. “Iets soos...Fabienne,” sê hy ingedagte. “Of Pascale...”
6. “*Fabienne?*”
7. Ek staar ‘n oomblik angstig na hom. Met ‘n aaklige vermoede dat hy op een of ander
8. manier my skryfboek in die hande gekry het, al my stories geles het, my hele
9. verbeeldingswêreld ontdek het.
10. “Hou jy nie van Fabienne nie?”
11. Hy lyk so opreg verbaas, amper in die gesig gevat, dat ek besef die naam kom diep
12. uit sy hart.
13. “Ek is mal oor Fabienne,” verseker ek hom. “Dis presies die naam wat ek vir myself
14. sou gekies het.”
15. “Daar het jy dit nou, Mana,” sê Gavin met ‘n breë glimlag. “Jy moes na my geluister
16. het!”
17. “Wel, dis nou ‘n bietjie laat vir ‘n naamsverandering.” My ma vat vertroostend aan my
18. arm. “Vir my sal jy altyd my liefste ou Hanna Hoekom bly.”
19. “Fabienne?” Tibo trek sy neus op asof hy iemand se stink sokkies ruik. “Dit pas glad
20. nie by jou nie.”
21. “En vir wat nogal nie?”
22. “*Fabienne Hoekom*. Hoor hoe simpel klink dit!”
23. “As my naam Fabienne was, sou ek nie ‘n bynaam soos Hoekom gekry het nie, jou
24. bobbejaan.”
25. “En vir wat nogal nie?” boots hy my na.
26. “As my naam Fabienne was, sou ek nie so baie vrae gevra het nie!”

- 2.11 Hoe het Hanna en Fabienne se voorkoms, huislike omstandighede en persoonlikhede verskil? (3)
- 2.12 Wat is vir Gavin die verskil tussen ‘n naam soos Hanna en ‘n naam soos Fabienne? (1)
- 2.13 “As my naam Fabienne was, sou ek nie so baie vrae gevra het nie!”  
Waarom is hierdie stelling ironies? Verduidelik in TWEE volsinne. (2)
- 2.14 Hoe verskil die klerestyl van Hanna, Mana en Margot? (3)

- 2.15 Hanna se gevoel oor haarself en Fabienne verander aan die einde van die verhaal.
- 2.15.1. Hoe verander Hanna se gevoel oor haarself en Fabienne? (1)
- 2.15.2. Hoe pas hierdie verandering oor haarself by die tema van die verhaal? (1)
- 2.16 Waarom wou Mana hê die baba se naam moet iets met water te doen hê? (1)
- 2.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.
- Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.17) neer, byvoorbeeld 2.17 E.
- Uit die beskrywing van Margot kan 'n mens aflei dat sy ...
- A baie geld gehad het.
- B 'n suksesvolle loopbaan gehad het.
- C aandag aan haar voorkoms geskenk het.
- D 'n goeie verhouding met haar kinders gehad het. (1)
- 2.18 Kies die korrekte antwoord tussen hakies:  
Daar is 'n (eerstepersoonsverteller / eksterne verteller) in die verhaal. (1)
- 2.19 Noem TWEE voordele van die tipe verteller wat jy genoem het by VRAAG 2.18? (2)
- 2.20 As jy Hanna was, sou jy ook jou boek “Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom” noem? Motiveer jou antwoord. (1)
- 2.21 Dink jy Hanna se probleme is tipies van 'n tiener? Motiveer jou antwoord. (1)
- (18)  
**[35]**

**OF**

**VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

1. *Kaapstad. Silkwood-Kliniek. Maandag, 14 Augustus 1978*
2. *Ek word Woensdag ontslaan. My sketsboek is vol duiwe.*
3. *Prof. Van Keulen was weer vanmiddag hier. Hy sê hulle*
4. *almal by die Instituut wag vir my. Maar ek weet nie of ek kan*
5. *teruggaan nie. Ek weet nie ek weet nie. Ron Ronnie*
6. *Ronnetjie. Mamma mis jou vandag. Daar is baie duiwe*
7. *in hierdie tuin.*
8. *Ek wens ek kan in sy skemer skadu's gaan wegkruip en ek*
9. *hoef nooit weer uit te kom nie.*
10. *Ek het by die plek van waterskeiding gekom.*

11. Onder die seil staan 'n kis. 'n Doodskis.
12. Die bestuurder help vir Matthys met die aflaai. "Nogal
13. netjies. Waar kom jy aan dié kis?"
14. Matthys, gewoonde aan lieg, klink seepglad: Nee,
15. Kleinkoos van ou Abraham Afslaggie verkoop hulle
16. mos nou op 'n special." "Nogal swaar nê?"
17. "Dis solid blackwood, dié."
18. Ryna hou die inlaaiery dop totdat die bus vertrek. Matthys
19. begin haar goed op die lorrie laai. Hy sien dat sy na die
20. plakkate op die paal kyk.

3.1 Waarvan het Ryna gepraat toe sy in haar dagboek geskryf het dat sy by die plek van waterskeiding gekom het? (Reël 10)

(2)

3.2 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (3.2.1 – 3.2.4) en die antwoord neer.

Henning; geskiet; Schalk; Vincent; verbrand; anker; vlam; Billy

Ryna het gedink aan die dag toe (3.2.1) ... vir Ronnie (3.2.2) ... het. Daar was 'n brand in die huis en Ryna het 'n lang, blonde man met 'n merk

aan sy arm gesien. Die tatoeëermerk het soos 'n (3.2.3) ... met 'n kreef  
wat daardeur kronkel, gelyk. Later het Ryna besef die man was (3.2.4.)... (4)

3.3 “My sketsboek is vol duiwe” (reël 2) verwys na die werk wat Ryna voor haar werk by  
die Instituut gedoen het.

Watter tipe werk het Ryna vroeër gedoen? (1)

3.4 Ryna wou nie weer teruggaan en by die Instituut werk nie.

3.4.1 Waar het prof. Van Keulen vir Ryna werk gekry? (1)

3.4.2 Watter tipe werk het Ryna daar gaan doen? (1)

3.5 Ryna het haar naam na Ryna van Rensburg verander, want sy wou 'n nuwe lewe  
begin.

Wat was Ryna se vorige naam en van? (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer  
en die letter (A – D) neer.

Matthys moes Ryna by die stasie gaan haal en hy noem haar die ...

A Kapenaar

B voëlvrou

C Mama Meeu

D Ou Van

(1)

3.7 Vir wie het Fred die skuld gegee dat hy en Sheila nie 'n normale huwelik gehad  
het nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.8 Wat was Matthys se geliefde antwoord as ant Hansie hom gevra het wat hy doen?

(1)

3.9 Toe Ryna na Fred Blanckenberg se laggende gesig op die plakkate gekyk het,  
het sy nie gedink dat 'n vrou hom nie kan vertrou nie.

Is dit regverdig om te sê dat Fred 'n onbetroubare man was? Gee DRIE voorbeelde  
uit die verhaal om jou antwoord te motiveer. (3)

(17)

**EN**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## TEKS F

1. Dit is Jannerik Kuiper wat sy hand uitsteek toe sy van die
2. *Sterretjie* moet oorklim op die houttrap wat na die
3. aanloopbrug lei. 'n Paar benoude oomblikke lank sien sy hoe
4. die donker see onder haar spoel en maal en sy vat die hand
5. dankbaar vas en dan trap sy oor. Nogal 'n kuns, dink sy.
6. Jannerik vat haar goed stuk-stuk by Jacob aan en dra dit
7. met die trap op boontoe. Die *Sterretjie* vaar weer terug om
8. die ander voorraad by die *Meeuw* te gaan haal. Sy kyk
9. vanaf die jettie uit oor die see. Van hier af is die land net 'n
10. dun vaal gebergtetjie met 'n wit skuimrand.
11. "Juffrou is welkom op onse eiland." Dis 'n temerige stem vol
12. warmte. Dis Jannerik.

3.10 Jannerik was met onwettige dinge besig .

3.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

3.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.10.1. (1)

3.11 Rangskik die volgende gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van gebeure neer.

- A Sheila het selfmoord gepleeg.
- B Skalla het vir Fred afgepers.
- C Veronica het Fred se huis besoek. (3)

3.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter ( A tot D) neer.

Toe Ryna vir Jannerik ontmoet het, het Jannerik vir Ryna gesê dat ...

- A die Meeulanders baie aan die verlede teruggedink het.
- B Ryna binne drie maande in die Kaap sou terug wees.
- C Ryna maar eers by Jacob-hulle kon bly totdat dinge beter was.
- D hy nie kon glo dat 'n vrou op Meeuland wou bly nie. (1)

3.13 Kies die naam van die karakter uit KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A.

Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

KOLOM A		KOLOM B
3.13.1	Hy was 'n volbloed Blanckenberg en seker van sy saak.	A Hermanus
3.13.2	Hy het nie getraak oor wat die dorp van hom gedink het nie.	B Matthys
3.13.3	Hy was 'n eenkantmens	C Schalk
3.13.4	Hy was 'n suinige man.	D Fred
		E Jacob

(4 x 1)

(4)

- 3.14 Watter geheim het Jannerik se dogter, Veronica (Kinnie), vir Ousanna en haar pa weggesteek? (2)
- 3.15 Voltooi die sinne deur die KORREKTE antwoord tussen hakies te kies. Skryf net die vraagnommer (3.15.1 – 3.15.2) en die antwoord neer.
- 3.15.1 Elsabet het die eiland as 'n (tronk / veilige blyplek) beleef. (1)
- 3.15.2 Die groot boot wat vir Ryna na die eiland vervoer het, se naam was (die Meeuw / Sheila 2). (1)
- 3.16 Waarom was Ryna se CB-roepnaam, Mama Meeu, so gepas? (1)
- 3.17 Professor Van Keulen het vir Ryna gesê dat daar **terapie in tyd** was. Hoe het hierdie woorde vir Ryna waar geword aan die einde van die verhaal as 'n mens na haar verhouding met Jacob kyk? (3)

(18)

**[35]**

OF

**VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE - Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

1. Sy word stadig Weird Maria. Dit word 'n reis na verre bestemmings
2. om twee maal 'n week iemand anders te word, iemand wat sy begin verstaan
3. Dis *weird*, maar sy begin van Weird Maria hou. Sy is anders as die
4. karakter, maar hulle voel nog dieselfde oor goed. Sy wonder ook soos
5. Maria oor dinge en wat dit alles nou eintlik beteken.
6. Sy stap ingedagte hysbak toe nadat Joe haar voor die woonstel afgelaai
7. het.
8. Haar ma sit met die oorfone en 'n koffiebeker op die sitkamermat. Sy
9. skud haar kop heen en weer op maat van die musiek. Haar oë is toe en
10. haar gesig is effens rooi.
11. 'n Yskoue hand klou aan Lien se hart. Sy bly by die deur staan en hou
12. haar ma dop. Haar ma se oë is toe. Lien stap stadig nader, haar oë
13. vasgenaël op die koffiebeker. Dan ruik sy dit. Dis DIT!
14. Haar ma maak haar oë oop en lyk vir 'n paar oomblikke uit die veld
15. geslaan. Sy probeer die koffiebeker skuldig langs die bank indruk. Lien
16. roer nie.
17. "Dis net 'n ou wyntjie," giggel haar ma. "Net enetjie...want ek werk
18. nie meer by die Departement van Binnelandse Sake nie!" Die laaste deel
19. van haar sin sing sy.
20. "Nou maar laat ons dan 'n glasie klink," sê Lien, wat wil gil en
21. skree en huil. Sy stap vinnig kombuis toe en pluk die yskas oop. Niks.
22. Sy ruk aan die kombuiskaste. Niks. Sy begin weer by die yskas en toe
23. weer die kruidenierskas. Agter die Post Toastie-boks staan die doos.
24. "Welkom terug," sê Lien hardop terwyl sy die doos uit die kas pluk.
25. Sy gryp die grootste koel drankglas uit die kas en skink dit vol wyn. Sy
26. gaan sit op die bank en lig die glas in haar ma se rigting.
27. "Cheers. Op Binnelandse Sake."
28. "Moenie..." probeer haar ma.
29. Lien proe aan die suur, warm wyn en besef sy gaan dit moeilik in
30. haar lyf kry. Sy druk haar neus toe en sluk alles in 'n paar slukke weg.

4.1 Lien se ma, Christien, het teruggekom huis toe nadat sy in die rehabilitasiesentrum was.  
Dit het gelyk of haar ma ophou drink het. Lien het egter nie geglo dat haar ma heeltemal sou ophou drink nie.

4.1.1 Hoe het Lien geweet dat haar ma weer begin drink het? (1)

4.1.2 Hoe probeer Lien se ma haar drankgebruik hier regverdig? (1)



4.2 Kies die woord wat NIE pas nie.

Wanneer Lien een aand by die huis kom, ervaar sy die volgende gevoel:  
 “ ’n Yskoue hand klou aan Lien se hart.”

Hierdie aanhaling beteken dat Lien :

- A kwaad is.
- B verlief is.
- C teleurgesteld is.
- D geskok is. (1)

4.3 Waarna verwys die woord DIT in reël 13? (1)

4.4 Noem TWEE redes waarom Lien-hulle finansieël en emosioneel deur ’n baie moeilike tyd gegaan het. (2)

4.5 Die inwoners (wat ook in dieselfde woonstelblok bly) het Lien, Braam en haar ma, Christien, in hierdie moeilike tyd ondersteun.

4.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

4.5.2 Motiveer jou antwoord deur na ten minste TWEE mense te verwys. (2)

4.6 Dink jy Lien het die rol van “Weird Maria”, in die skoolopvoering geniet?  
 Motiveer jou antwoord. (1)

4.7 Wie is die Joe-persoon wat Lien elke aand na die toneel oefening by die huis aflaa? (1)

4.8 Lien het een middag ’n boodskap van Tannie Bets gekry dat hulle binne ’n halfuur by haar woontstel moes wees.

Dominee Gerhard was ook daar.

Hy het vir Lien en Braam gesê dat hul ma, Christien ’n “glipsie” gehad het.

Wat was die “glipsie”? (1)

4.9 Tannie Bets het voorgestel dat hulle by familie moes gaan bly terwyl hul ma in die rehabilitasiesentrum opgeneem word.

Hoe het die kinders daarop gereageer? (1)

4.10 Christien se optrede het groot verantwoordelikhede op Lien geplaas.

Noem EEN ding waarvoor Lien nou verantwoordelik was. (1)

4.11 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE in reël 20 aan wat dieselfde as “Cheers” beteken. (1)

- 4.12 Wat dink jy is die moontlike rede dat Christien werkloos is? (1)
- 4.13 “Haar ma maak haar oë oop en lyk ‘n paar oomblikke uit die veld geslaan.”
- 4.13.1 Word die bostaande onderstreepte sinsdeel konnotatief of denotatief gebruik? (1)
- 4.13.2 Verduidelik in jou eie woorde wat hierdie uitdrukking beteken. (1)
- (17)

### EN

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS H

1. “Sit man,” sê hy terwyl hy self aan die ander kant van die lessenaar
2. op sy stoel gaan sit. Hy praat eers oor die hitte en die wind en die reën
3. wat wegbly en hoe hy sukkel om die jongmense in die kerk te kry en toe
4. van die babatjie wat hulle hele lewe onderstebo gekeer het. “Hy skree en
5. poef vir die eerste span,” lag hy.
6. Valetjie klop en sit ‘n skinkbord met twee reuse-glase vrugtesap op
7. die lessenaar neer. “Skree as julle nog iets wil hê.” Sy maak die deur toe.
8. Lien vat ‘n paar slukke.
9. Hy vat ‘n paar slukke.
10. “Ek wil nie met jou baklei nie. Dis nie my saak hoe jy jou geld verdien
11. nie. Ek is net bekommerd dat jy dit in skooltyd doen. Matriek is nie
12. `n grap nie. Ek onthou nog.” Hy glimlag.
13. Lien sê niks nie. Sy kan nie verstaan hoe die man dit regkry om elke
14. keer haar bubble te bars nie. Sy was reg vir hom, maar nou het sy niks
15. om vir hom te sê nie.
16. “Ek het nie geweet dit gaan só swaar nie. Pleks jy lankal gesê het.”
17. Hy vat weer ‘n paar slukke.
18. “Dis net totdat...totdat my ma weer kan werk. Ek moet die woonstel betaal.”

- 4.14 Na wie verwys die “hy” in reël 1? (1)
- 4.15 Hoekom is Lien in hierdie man se studeerkamer? (1)
- 4.16 Wat is die man se bynaam? (1)
- 4.17 Waarom dink Lien dat hy hulle nie sal kan help met hul huislike omstandighede nie? (1)
- 4.18 Hoe sal die kerk vir Lien-hulle kan help? (1)

- 4.19 Toe Lien uiteindelik haar pa gaan besoek het, het sy vir hom gesê dat sy hom haat.
- 4.19.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?
- 4.19.2 Motiveer jou antwoord deur na TWEE feite in die verhaal te verwys. (2)
- 4.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.20) en die letter neer, bv. 4.20 D
- Lien se ma kan moontlik 'n werk by die laerskool as 'n..... kry.
- A sekretaresse  
B wiskundejuffrou  
C musiekjuffrou (1)
- 4.21 Een van Lien se vriende was in 'n baie ernstige ongeluk. Wie was hierdie vriend? (1)
- 4.22 Dink jy die wyse waarop Lien hierdie vriend wat in 'n ernstige ongeluk was, gehelp het om weer sy werk te kan doen, is realisties? Motiveer jou antwoord deur te verwys na haar vriend se soort werk en die wyse waarop sy hom gehelp het. (2)
- 4.23 Kies die beskrywing in KOLOM B wat die beste by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die NOMMER van die vraag en die LETTER van jou keuse neer, bv. 4.23.6 - F

KOLOM A		KOLOM B	
4.23.1	Johnny	A	Lien verwys na haar besigheid as <i>"The garden of Evil"</i> .
4.23.2	Roos	B	Die man is gesteld op sy gewig.
4.23.3	Oom Faantjie	C	Sy en Miemie het die rekwesietekamer reggepak.
4.23.4	Lien	D	Die persoon gee voor dat hy blind is.
4.23.5	Mev. Dry	E	Haar man het met 'n veel jonger vrou weggehoop.

- (5)
- 4.24 Hoe sou jy teenoor jou ma opgetree het as jy in Lien se skoene was? (2)  
Noem TWEE dinge wat jy sou gedoen het. (18)
- [35]

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B : DRAMA****VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA - Elsa Joubert & Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

1 STONE. Vier maande ná die verlowing het ons getrou, op  
2 'n Woensdag sodat die predikant uit die Kaap kon kom.  
3 Die troue het twee dae aangehou en die mense het uit die  
4 werk gebly om te kom bruilof vier.

5 POPPIE. Ai, dit was 'n goeie tyd vir ons! Daai tyd was die  
6 permitstorie nie so moeilik nie. Maar toe kom die nuwe  
7 wet wat sê die papiere moet weg en die vrouens moet  
8 pasboekies dra. (*Verward.*) Die boekies was nog nie die  
9 grootste ding nie – almal het hulle tog gekry! Die grootste  
10 ding was die extension!

- 5.1 Noem DRIE goed wat Mama met die lobolageld gekoop het. (3)
- 5.2 Onmiddellik na die troue het Poppie en Stone na hulle eie huis gegaan.
- 5.2.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 5.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.2.1 met 'n feit uit die drama. (1)
- 5.3 Op die tweede dag van die troue het die ou mense vir Stone en Poppie vertel hoe hulle moes saam lewe en hoe hulle hulle moes gedra. Noem EEN ding wat Poppie moes doen. (1)
- 5.4 Na die troue het Poppie 'n ander naam vir Stone gehad.
- 5.4.1 Wat het sy hom na die troue genoem? (1)
- 5.4.2 Waarom het Poppie vir Stone 'n ander naam gegee? (1)
- 5.5 Kies elke keer die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.5.1 – 5.5.2) en die antwoord neer.

Poppie en Stone se eerste huis was 'n (5.5.1) (eenkamerhuis / tweekamerhuis) van sink en plate. Poppie en Stone se tweede huis in Jakkalsvlei was 'n (5.5.2) (eenkamerhuis / tweekamerhuis) van sinkplate, houtplankies en karton. (2)

5.6 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

- A Poppie het Kaap toe gegaan waar haar ma en broers was.
- B Stone het kontrakwerk gekry by die melkery.
- C Poppie se kind het aan kinkhoes gesterf.

(3)

5.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Poppie was baie positief in hierdie uittreksel omdat sy haar eerste pas gekry het. Sy kon nou vir (drie maande / vyf maande) in die Kaap woon. (1)

5.8 Kies die stelling in KOLOM B wat pas by die naam in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (5.8.1 – 5.8.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A		KOLOM B
5.8.1	Mrs Graham	A Sy het vir Poppie gehelp om in Bellville werk te kry.
5.8.2	Mrs Scobie	B Haar man se invloed het gehelp om vir Poppie 'n pas te kry.
5.8.3	Mrs Swanepoel	C Poppie het teen agt pond per maand by haar gewerk.
5.8.4	Mrs Retief	D Sy bied aan dat Poppie se baba by haar kan bly as sy gaan werk
		E Poppie se heel eerste werk in die Kaap

(4 x 1)

(4)

(18)

EN

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## TEKS J

1. POPPIE. Hulle het my 'n extension van ses maande gegee, maar toe ek na ses
2. maande weer daar kom, ek het toe nog nie werk gekry nie, want ek het al drie
3. kindertjies tuis gehad en met my man se siekte was dit moeilik - toe kyk Mr Strydom
4. my pas en sê:
5. MR STRYDOM. Jy kwalifiseer nie hier in die Kaap nie. Jy is getroud met 'n man
6. uit die Ciskei, jy moet Ciskei toe.
7. POPPIE. Dit was die eerste keer dat ek die woorde hoor. Ek het gedink: hulle het my
8. hier na die Kaap toe gebring - hulle sal mos nie nou so sê nie.
9. (Draai na Mama.) Mama...
10. MAMA. Ja, Poppie?
11. POPPIE. .... Hulle wil my Ciskei toe stuur!
12. MAMA. Dan moet jy sorg dat jy werk kry. As jy werk het, kan hulle jou nie wegstuur
13. nie. Katie moet maar die skool los en jou kinders kom oppas.
14. POPPIE. Nee, Mama - Katie moet nie haar skool verloor nie. Ek sal maar klaarkom.
15. PLANK. En toe sy by die kantoor in Nyanga kom om haar pas te change, want haar
16. werk - extension is toe klaar, toe sê Mr Strydom:
17. MR STRYDOM. Soos die wet sê, moet ek vir jou 'n phumaphele gee.
18. MOSIE. Dis soos hulle in die lokasie roep vir jy moet uit, jy moet weg.
19. HOEDJIE. Die wet het streng geword dat die vrouens van mans wat nie vyftien
20. jaar in die Kaap is nie, of nie tien jaar by dieselfde baas gewerk het nie, weggestuur
21. word na hulle huise toe.

- 5.9 Met wie voer Poppie 'n gesprek in die eerste spreekbeurt ? (1)
- 5.10 Waar vind hierdie gesprek plaas? (1)
- 5.11 Watter slegte tyding het Mr Strydom aan Poppie gegee? (2)
- 5.12 Na 'n ses maande - pasverlenging is Poppie nog werkloos.  
Watter twee redes voer sy aan as die oorsaak van haar werkloosheid? (2)
- 5.13 Watter karakter het aan Poppie gesê dit sal nie vir haar goed wees as sy met Stone trou nie? (1)
- 5.14 Wat het Mama met die woorde bedoel: *dan moet Katie die skool los*? (2)
- 5.15 Waarna verwys "die wet" dwarsdeur die drama? (1)
- 5.16 Kies telkens die korrekte antwoord.

Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.

Verskaf EEN woord wat Poppie se gemoedstoestand in hierdie toneel beskryf.

- A opgewonde
  - B blymoedig
  - C wanhopig
  - D impulsief
- (1)

5.17 "...my man kwalifiseer nie in die Kaap nie, daarom moet ek weggaan."

Watter stylfiguur word in bogenoemde aanhaling aangetref?

- A ironie
  - B kontras
  - C sarkasme
  - D satire
- (1)

5.18 Sê of die onderstaande stelling WAAR of ONWAAR is.  
Gee 'n rede vir jou antwoord.

Bonsile is Poppie se kind by Stone. (2)

5.19 Lewer kommentaar oor die diskriminasie wat in die drama gebruik word? (1)

5.20 Op watter ander maniere kon Poppie haar probleme wat sy gedurende haar lewensreis ondervind het, moontlik hanteer het? Noem TWEE maniere. (2)  
(17)

**[35]**

**OF**

**VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

1. HENDRIK: Vat net aan my dogter, knapie, en jy vat aan my. Verstaan? (*Hy swaai hom om en loop. En beduie oor sy skouer terug.*) Vat julle sirkus en kry julle ry. Ek loop
2. bel vir Uniondale.
3. Die manne staan en staar Hendrik `n bietjie verbaas agterna. Tot hy in sy kantoortjie verdwyn.
4. Dan gooi die mesgooier, Barnie, sy derde mes in die krat in.
5. En Sambo rol sy kougom in sy ander kies in.
6. SAMBO: Toe-toe, manne – laai af die diere dat hulle kan bene rek.
7. 34. `n Leë stuk Karoolandskap met die horison hier naby. Net `n bossiebult. Dan verskyn die
8. kop en rug van `n olifant oor die horison. Eers wanneer hy halfpad oor die bult is, word die nar
9. sigbaar wat voor hom stap; `n nar in volle mondering, wat hom aan `n tou lei. Die olifant hou
10. die tou met sy slurp vas.
11. Klein Willem staan vir die aankomende prosessie en kyk.
12. Die nar stap reg op Willempie af. En kom staan voor hom.
13. 14. NAR: Hello. (*Die kind antwoord nie.*) Wat is jou naam? (*Niks.*) Is jy skaam? (*Nog geen reaksie*
14. *nie. Willempie kyk net vir die olifant.*) Dè. (*Hy druk die tou in die kind se hand*) Loop bietjie met
15. hom. (*Die kind staan met die tou.*) Trek hom. Jy sal sien. Hy sal loop as jy trek. (*Willempie*
16. *staan net. En die nar begin aanstap. Hy stap weg van hulle af. Tien treë weg kyk hy om.*) Bring
17. hom! Trek; hy sal kom. (*En Willempie kyk vir diie olifant. En trek. En die olifant kom.*) Jy sien?
18. 19. 35. `n Montage van die olifant wat al agter Willempie aanstap. Eers met die nar naby hulle.
19. Dan met die nar op die agtergrond. Daarna net Willempie en die olifant. Oor `n bult, deur die
20. land vol koringbale, deur `n stroom water, oor `n brug, deur `n bos. Willempie stap al regopper,
21. al hoe meer kordaat – en die olifant waggel agterna.
- 22.

- 6.1 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter A- D neer.

Hierdie uittreksel vorm deel van die .....van die drama.

- A verwickeling
- B eksposisie
- C krisis
- D klimaks

(1)



- 6.2 Voltooi die sin. Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.  
Die man met wie Hendrik in die uittreksel raas, is (Nollie, Barnie, Bertie) . (1)
- 6.3 Gebrekkige kommunikasie is een van die temas in die drama. Watter voorbeeld van mense wat nie goed met mekaar kommunikeer nie, kom in hierdie uittreksel voor? (1)
- 6.4 Waarom is die Karoolandskap waar die drama afspeel, so `n goeie keuse? (1)
- 6.5 Skryf DRIE sinne oor hoe die nar se “volle mondering” gelyk het. Verwys na die nar se gesig, sy kleredrag en die rede waarom hy hierdie mondering gedra het. (3)
- 6.6 Willem het vir sy ma “gevra” om vir hom `n narrepak te maak.  
6.6.1 Hoe het Willem met sy ma gekommunikeer dat hy `n narrepak wou hê? (1)  
6.6.2 Waarom wou Willem net soos Manuel lyk? (1)
- 6.7 Verduidelik die simboliese betekenis van die situasie in die uittreksel waar Willem met elke tree regopper en meer kordaat gestap het. (1)
- 6.8 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die onderstaande lys te gebruik. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.  
toertjies selfvertroue kommunikasie konsertina skuur kos
- Manuel en Willem het mekaar in die 6.8.1 ..... ontmoet. Manuel het Willem vermaak deur geluide soos `n hoender te maak en het ook 6.8.2..... uitgevoer. Op hierdie manier het hy mettertyd vir Willem 6.8.3..... gegee om self toorkunsies te doen. Willem het 6.8.4 ..... vir Manuel gebring en aan sy gesin beduie dat hy hase voer. (4)
- 6.9 Hendrik en Manuel se optrede teenoor Willem ten opsigte van sy spraakprobleem het verskil.  
6.9.1. Hoe het Hendrik Willem se spraakprobleem hanteer? (1)  
6.9.2 Hoe het Manuel Willem weer laat praat? (1)
- 6.10 “Die lewe is te kort vir trane”  
6.10.1 Wat het Manuel met hierdie woorde vir Willem oor die lewe probeer leer? (1)

6.10.2 Wat illustreer hierdie woorde van Manuel se karakter?

(1)  
(18)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

1. Jan Mol: Dis hy! Dis die ou wat daardie McDonald-kind so teken!
2. Die nar sien hier kom moeilikheid, vlieg op en vlug by die kerk uit.
3. En tien, twaalf, twintig mans storm uit die banke agterna.
4. 107. Buitekant die kerk gryp die nar sy fiets, spring op en jaag straataf. Die swartgeklede
5. kraaie storm in die straat in en kyk rond, beduie. Hulle sien die nar dóer trek. Party begin
6. agterna hardloop. Ander storm vir die bakkies.
7. 108. `n Ent af in die straat jaag die nar op sy fiets. Hy kyk om en sien die spul wat agterna
8. kom. Hy swaai in `n systraat in, spring by `n heining van sy fiets af, prop die fiets onder die
9. heining in en klouter in `n boom in wat op die sypaadjie staan.
10. Hy sien uit die boom uit hoe die motors en bakkies verbyjaag.
11. 109. Die werf by Hendrik-hulle se huis lyk verlate. Binnekant is iemand besig om klavier te
12. speel.
13. 110. Dis Emma wat speel. Nollie sit op die vensterbank sy bene en swaai terwyl hy haar
14. dophou. Sy en haar musiek het sy volledige aandag en waardering. Sy speel nou sonder foute.

6.11 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer.

Die fiets waarop die nar ry behoort aan .....

- A Nollie
- B Hendrik
- C die sirkus
- D Willem

(1)

6.12 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

6.12.1 Willem hou van narre.

(1)

6.12.2 Motiveer jou antwoord in 6.12.1 deur 'n sin uit die teks aan te haal.

(1)

6.13 Die dominee se reaksie was vreemd.

6.13.1 Hoe het die dominee op die nar se teenwoordigheid in die kerk gereageer? (1)

6.13.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.

Hierdie voorval in die kerk is 'n voorbeeld van (innerlike / uiterlike) konflik. (1)

6.14 “swartgeklede kraaie” (Reël 4 en 5)

6.14.1 Van watter tipe beeldspraak is bogenoemde aanhaling 'n voorbeeld? (1)

6.14.2 Is die beeld gepas? JA of NEE? Motiveer jou antwoord deur die beeldkeuse te verduidelik. Verwys na albei woorde. (2)

6.15 Kies die persoon uit KOLOM B wat die woorde in KOLOM A gesê het. Skryf net die vraagnommer en die letter (A-E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
6.15.1 “Dis al wat ons doen heelyd. Ons maak of niks gebeur het nie.”	A Katrien
6.15.2 “Duiwelsgoed. In die oud dae het hulle sulke mense op die brandstapel gesit.”	B Hendrik
6.15.3 “Ek praat. Ek praat heelyd.”	C Emma
6.15.4 “Sy verstaan. Dis juis oor sy begin verstaan.”	D Jan Mol
	E Dominee

(4)

6.16 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die Volstruisdans-episode vorm deel van die (klimaks / verwikkeling) van die drama. (1)

6.17 Watter rol het Manuel se paljas aan die einde van die verhaal in Emma se lewe gespeel? Gee TWEE feite. (2)

6.18 Aan die einde van die drama het daar ook 'n verandering in die houding van die gemeenskap gekom. Watter TWEE lesse, dink jy, het die dorpsmense aan die einde van die drama geleer? (2)

(17)

[35]

## OF

## VRAAG 7 : FIELA SE KIND deur Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## TEKS M

1 *Deur oop.*

2 ELIAS (*kom in met LUKAS se goed; kortaf*): Hulle het vandag jou goed  
3 gebring, Lukas.

4 LUKAS: Wie het dit gebring? Wie het my goed gebring?

5 ELIAS: Sy sê haar naam is Fiela Komoetie. As ek vandag 'n  
6 hond gehad het, het ek hom agter haar gesteeek dat sy nou nog  
7 gehardloop het.

8 LUKAS (*skree*): Waar's sy? Waar is my ma?

9 ELIAS: Daar staan jou ma by die vuur! Die bruinvel is weg en ek het vir  
10 haar en die een wat by haar was, gesê as hulle weer 'n voet op  
11 hierdie eiland sit, gaat ek magistraat toe en laat ek hulle vang.  
12 Elias van Rooyen laat nie met hom van 'n bruinvel mors nie.

13 LUKAS: Wie was by haar?

14 ELIAS: 'n Opgeskote seun, net so blerrie uit sy pad as sy.

15 LUKAS: Laat my verbykom!

16 ELIAS: Jy bly waar jy is!

17 LUKAS: Laat my verbykom, asseblief!

18 ELIAS: Ek sal die osriem vir jou vat en nie ophou voor die laaste  
19 bruingeid uit jou uit is nie. Jy was net mooi op pad om weer wit  
20 mens te word en wit mens sal jy bly!

21 LUKAS (*soebat*): Wat het Fiela Komoetie gesê? Wat het sy gesê?

22 ELIAS: Sy het niks hier te sê nie. Sy't jou goed gebring en klaar.

23 NINA *tel die dasvelkometers op en draai dit om haar.*

24 LUKAS: Los! (*Ruk dit van haar af.*) Jy sit nie jou pote aan my goed nie!

25 *Musiek en ligte doof uit vir einde van tweede bedryf.*

7.1 "Waar is my ma?" (reël 8)

7.1.1 Na wie verwys Lukas as sy ma in hierdie aanhaling? (1)

7.1.2 Waar was Lukas toe die besoekers gekom het? (1)

7.2 "Daar staan jou ma by die vuur." (reël 9)

Wat is die naam van die persoon wat by die vuur staan? (1)

- 7.3 Lukas bevind hom by die Van Rooyens, wat witmense is.  
Waarom is dit IRONIES dat Elias die laaste “bruingeid” uit hom wil slaan? (2)
- 7.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.  
Elias was baie (streng / gevoelloos) teenoor sy kinders. (1)
- 7.5 Wie is die “opgeskote seun” na wie Elias in reël 14 verwys? (1)
- 7.6 Verwys na die moederfigure, Barta en Fiela.  
7.6.1 Barta en Fiela se karakters verskil. Noem een karakterverskil tussen die twee vrouens. (2)  
7.6.2 Haal EEN woord uit die teks aan wat daarop dui dat Fiela vindingryk is en nuwe dinge probeer om haar lewensomstandighede te verbeter. (1)
- 7.7 “Ek sal die osriem vir jou vat en nie ophou voor die laaste bruingeid uit jou uit is nie.” (reël 18-19)  
7.7.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.  
Hierdie is ’n voorbeeld van (innerlike / uiterlike) konflik tussen Lukas en Elias. (1)  
7.7.2 Watter innerlike konflik, dink jy, het Lukas waarskynlik in hierdie uittreksel ervaar? (1)
- 7.8 Waaruit kan ons aflei dat Lukas in hierdie uittreksel gefrustreerd voel? Noem TWEE dinge. (2)
- 7.9 Later in die drama verander Lukas se gevoel teenoor Nina.  
7.9.1 Waar het hy die eerste keer besef dat hy fisies aangetrokke voel tot haar? (1)  
7.9.2 Wat was Fiela se raad toe hy vir haar vertel van sy gevoelens vir Nina? (1)  
7.9.3. Watter raad sou jy aan Lukas in hierdie situasie kon gee? (1)  
(17)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## TEKS N

- 1 ELIAS: God, vrou, jy y!  
 2 BARTA: Ek yl nie, Elias, ek sal magistraat toe gaan en dit loop sweer.  
 3 Ek kan dit nie langer in my dra nie, dit het te swaar geraak vir  
 4 my. Ons Lukas se gebeendere is langs die Homtini opgetel. Hy't  
 5 geverdwaal en geverhonger en die engels het hom gevat.  
 6 ELIAS: Vrou, jy y! Jy't hom oombliklik uitgeken, voor die magistraat.  
 7 BARTA: Ek het nie. Die man wat sy trommel gaan haal het, die lange  
 8 met die bril, het agter my in die gang kom staan net voordat ek  
 9 moes ingaan en toe't hy in my nek gesê: Die een met die blou  
 10 hempie aan. Ek was so bang en deurmekaar, ek kon nie dink  
 11 nie, toe't hulle die deur oopgemaak en my in die kamer  
 12 ingestoot en toe staan die ry kinders daar en die een in die  
 13 middel het 'n blou hempie aan.
- 14 LUKAS *staan op en loop uit terwyl ligte uitdoof. Musiek.*
- 15 LUKAS (*op band*): Die een met die blou hempie aan. Een man se wil.  
 16 Een man se mag. Ek kan hom met my kaal hande vermoor. Die  
 17 een met die blou hempie aan. Een simpel sin wat Fiela  
 18 Komoetie soos 'n mal ding oor die berg laat loop het en Selling  
 19 die pas hoe lank laat dophou het. Ek is niemand.

- 7.10 Verduidelik waarom die magistraat gedink het dat die verlore Van Rooyen-kind en Benjamin dieselfde mens was. (1)
- 7.11 Barta het vir die magistraat gesê dat haar kind “die een met die blou hempie aan” is.
- 7.11.1 Waarom het Benjamin 'n blou hempie gedra? (1)
- 7.11.2 Noem EEN ander ding wat Benjamin ook by hom gehad het. (1)
- 7.11.3 Wat het Fiela vir Benjamin geleer om te antwoord as die magistraat hom vra hoe hy by die Komoeties beland het? (1)
- 7.11.4 Watter aanspreekvorm het Benjamin gebruik wat die magistraat kwaad gemaak het? (1)

- 7.11.5 Hoekom, dink jy, ontstel hierdie aanspreekvorm in vraag 7.11.4 die magistraat? (1)
- 7.12 Die magistraat het uitgevind dat Benjamin by bruinmense gebly het.
- 7.12.1 Hoe het die magistraat dit uitgevind? (1)
- 7.12.2 Waarom moes hulle oor die saak hof toe gaan? (1)
- 7.13 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.
- Hierdie uittreksel bewys vir ons dat Barta nie meer met haar (gewete / geheue) kan saamleef nie. (1)
- 7.14 Benjamin ervaar 'n identiteitskrisis.
- 7.14.1 Haal 'n sin aan om hierdie stelling te bewys. (1)
- 7.14.2 Wanneer, dink jy, het hy sy eerste uiterlike identiteitskrisis ervaar? (1)
- 7.15 Later besluit hy dat hy regtig Benjamin Komoetie is.
- In watter ruimte het Benjamin hom bevind toe hy hierdie besluit geneem het? (1)
- 7.16 Was jy verbaas toe Barta die waarheid oor Lukas geopenbaar het? Verduidelik jou antwoord. (1)
- 7.17 Kies die karakter in KOLOM B wat by die karakter se gevoelens in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer (bv. 7.17.5 F).

KOLOM A	KOLOM B
7.17.1 Die magistraat se uitspraak moet gerespekteer word.	A. Fielia
7.17.2 Die gebeure in die hof moet bevraagteken word.	B. Benjamin/Lukas
7.17.3 Die magistraat se uitspraak was tot sy/haar voordeel.	C. Elias
7.17.4 Na die magistraat se uitspraak, het sy/haar wêreld inmekaar getuimel.	D. Tant Malie
	E. Selling

(4)

- 7.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

Ons noem dit die ... toe Barta uiteindelik vir Lukas die waarheid oor sy identiteit vertel.

- A motoriese moment
- B inleiding
- C klimaks
- D eksposisie

(1)  
(18)  
**[35]**

**OF**



**AFDELING C: KORTVERHALE****VRAAG 8 SPIEËLBEELDE**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

**VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND - Dana Snyman**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

1. "Ek kry hom by 'n anner mannetjie van Extension Two," sê Johannes.
  2. "Waar kry die mannetjie hom?"
  3. "Die plaat was by sy pa se donkiekar, maar toe sterwe sy pa mos.
  4. Toe steek sy antie die donkiekar brand in die aand. Toe vra
  5. ek vir die mannetjie hierdie plaat toe dit nie meer brand nie."
  6. "En die een?"
- \*
7. Drie van die vier teerpale wat Johannes se huis regop hou
  8. het al met onderskeiding elders diens gedoen: een was
  9. 'n telefoonpaal op Derby, en twee het Johannes by iemand by
  10. die stasie gekoop, waar dit 'n afdak help stut het toe Ventersdorp
  11. nog 'n stasiemeester gehad het.
  12. Die ander paal - die vierde een – het Johannes splinternuut by Fouries Hardeware op die dorp
  13. gekoop.
  14. Johannes haal 'n sleutel uit sy sak en sluit die Bitter Lemon-groen deur oop.
  15. Dit ruik na iets van als in Johannes se huis: tabak en
  16. parrafien, Lifebuoy - seep, sweet en piesangs. Dis net een vertrek,
  17. met 'n bed waarvan die pote op verfblikke staan in die hoek. In
  18. die ander hoek is 'n primusstofie op 'n tafel.

- 8.1 Skryf slegs die korrekte antwoord neer.  
Hierdie kortverhaal is 'n voorbeeld van 'n:
- A reisverhaal  
 B humoristiese verhaal  
 C liefdesverhaal  
 D drama. (1)
- 8.2 Wat is die tema van die verhaal? (1)
- 8.3 Watter tipe verteller kom in hierdie verhaal voor? (1)

- 8.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.  
 . “Ek kry hom by ‘n anner mannetjie van Extension Two,” sê Johannes.  
 Hierdie woorde is ‘n voorbeeld van ( vaktaal / streekstaal ). (1)
- 8.5 Waarom staan Johannes se bed op verfblikke? (1)
- 8.6 Wat beskou jy as die motoriese moment in hierdie verhaal? Noem TWEE opeenvolgende gebeure. (2)
- 8.7 Waarom kan Johannes presies onthou dat daar 40 sinkplate was? (1)
- 8.8 Waaraan laat die vensterraam van sy huis vir Johannes dink? (1)
- 8.9 Die verhaal eindig met ‘n verrassingselement.  
 Verduidelik waarom die stelling WAAR is. (1)
- 8.10 “Drie van die vier teerpale wat Johannes se huis regop hou het al met onderskeiding elders diens gedoen”  
 8.10.1 Benoem die beeldspraak wat in hierdie aanhaling voorkom. (1)  
 8.10.2 Waarom gebruik die verteller juis hierdie uitdrukking? (1)
- 8.11 Skryf ‘n reël uit die leesstuk neer wat aandui dat Ventersdorp nie meer ‘n stasiemeester het nie. (1)
- 8.12 Die sinkplate vervul ‘n simboliese rol in die verhaal.  
 Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is . (2)
- 8.13. Watter aanspreekvorm gebruik Johannes vir die verteller? (1)
- 8.14 Verduidelik wat die gebruik van dié aanspreekvorm binne die konteks van die verhaal impliseer. (2)
- (18)

EN

**OOM DRIES SE SORGE MET JANTJIE - Felicia Goosen**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

1. "Vannag word ons lammers weer verskeur," sê oom Thysie en sit sy geweer moedeloos
  2. terug in die geweersak. Die verhekste rooikat het weer paaie om hulle geloop.
  3. Almal pak op om maar huis toe te gaan, net Groot Dawid staan nog rond.
  4. Toe brand hy sommer uit frustrasie los op 'n groot bobbejaanwyfie in die wildevyeboom.
  5. Dis eers toe hulle by die dooie bobbejaan kom, dat hulle die grys bondeltjie onder haar
  6. pens gewaar.
  7. "Arme drommel," kopskud oom Dries en druk die trietsige vaal lyfie in die sak van sy dik
  8. baadjie.
  9. "Wat besiel my om in hierdie bobbejaannes nog een aan die lewe te hou?" vra hy homself
  10. af.
  11. En tog...Die nou swart ogies, die deurskyn oortjies en die senuagtige pootjies het
  12. vreesagtig geklou - klou om te lewe.
- \*
13. "Wat die vervloekste bobbejaan weg en smyt hom in die sloot by die gruisgat!" skreeu
  14. oom Thysie vir die plaaswerkers, klim in sy bakkie en ry terug dorp toe.
- \*
15. Daardie nag lê oom Dries lank wakker. Hy besluit om Jantjie se karkas die volgende dag te
  16. gaan soek en dit op Driefontein onder die boom by die swaai te begrawe ...Dit behoort
  17. minstens sy gemoed tot rus te bring.
- \*
18. Oom Thys bedink dieselfde aand ook planne om sekerheid te kry oor die gedoente.
  19. Hy sal môre self gaan kyk of die oorblyfsels rêrig in die sloot lê.
  20. Dit sal voldoende bewys wees dat Jantjie vrek is en dat die plaaswerkers sy opdrag
  21. uitgevoer het.

- 8.15 Kies die naam in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer (bv. 8.15.4 E).

KOLOM A	KOLOM B
8.15.1 'n Saggearde man.	A. Oom Thys
8.15.2 Hy is 'n befoeterde man.	B. Oom Dries
8.15.3 Hy is eintlik die hoofkarakter.	C. Jantjie
.	D. Dawid

(3)

- 8.16 Beskryf hoe Jantjie lyk wanneer oom Dries hom kry. (1)
- 8.17 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.  
As jy gefrustreerd is, is jy (kwaad / hartseer). (1)
- 8.18 Noem EEN ding wat Dries vir Jantjie doen. (1)
- 8.19 Skryf 'n woord uit die leesstuk neer wat daarop dui dat die bobbejaantjie bang was. (1)
- 8.20 “Soos Jantjie grootword, groei die probleem.”  
Wat presies is die “probleem”? (1)
- 8.21 “Kom nou, Jantjie, kom nou, Oubaas se diertjie.”  
Wat kan ons omtrent Dries se gevoel vir Jantjie uit hierdie woorde aflei? (1)
- 8.22 Hoe het dit gebeur dat Dries twee vingers verloor het?  
Verduidelik kortliks wat gebeur het. (2)
- 8.23 Net Dries sien die dooie bobbejaan.  
Bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 8.24 Waarom het Dries 'n graaf en 'n sak by hom wanneer hy gruisgat toe gaan? (1)
- 8.25 Wanneer Dries by die gruisgat is, hoor hy iets. Wat, dink jy, het hy gedink hoor hy? (1)
- 8.26 Wat word die bobbejaan wat die trop moet waarsku, genoem? (1)
- 8.27 Lees weer reël 5 van die uittreksel.  
Watter vorm van beeldspraak is “die grys bondeltjie”? (1)
- 8.28 Lees weer reël 13.  
Is oom Thysie se optrede teenoor die bobbejaan na jou mening regverdigbaar? (1)  
Motiveer jou antwoord. (17)  
**[35]**

OF

**AFDELING D: GEDIGTE****Verskuns vir Eerste Addisionele Taal**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte

**VRAAG 9**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Huiskat: Elizabeth Eybers**

- 1 Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
- 2 behaaglik om haar luiperdlies te lek,
- 3 rol om en lê fluwelig oopgevlek
- 4 dat keel en bors en buik die son suig.
  
- 5 Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
- 6 en anoniem. Smal skerwe van agaat
- 7 staar koud uit die driehoekige gelaat.
- 8 Arglistig, vloeibaar, soos 'n blink reptiel
  
- 9 van los en lenig wees versadig : sy
- 10 sal nooit – die veearts het haar "reggemaak"-
- 11 ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
- 12 sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
- 13 Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
- 14 sy haar oë, kronkel by my greep verby.

(Uit: Versamelde gedigte. Human&Rousseau en Tafelberg, 1980)

- 9.1 Watter soort digvorm is hierdie gedig? (1)
- 9.2 Hoekom is die titel van die gedig "Huiskat" en nie "Die Huiskat" nie? (1)
- 9.3 Watter bewegings van die kat word in die eerste kwatryn beskryf?  
Noem twee van hierdie bewegings. (2)
- 9.4 Watter woord dui aan dat die bewegings vir die kat baie genotvol is? (1)
- 9.5 Verduidelik in jou eie woorde waarom die kat "oopgevlek" lê? (1)
- 9.6 Hoe weet jy die kat het nie 'n naam nie? Verskaf EEN bewys uit die gedig. (1)
- 9.7 Waarmee word die kat in kwatryn twee vergelyk? (1)

- 9.8 Waarna verwys die volgende woorde in die tweede kwatryn:
- 9.8.1 smal skerwe
- 9.8.2 agaat (2)
- 9.9 Verduidelik hoekom die volgende stelling WAAR is.
- Die kat is 'n kil dier. (1)
- 9.10 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.10) en die woord neer.
- Die stemming in die gedig is (optimisties / pessimisties). (1)
- 9.11 Verduidelik wat die spreker bedoel as sy sê dat die kat “reggemaak” is. (1)
- 9.12 Watter TWEE kontrasterende gevoelens sal die kat nooit ervaar nie? (2)
- 9.13 Behalwe die tema van 'n kat se persoonlikheid wat so mooi beskryf word, is daar ook 'n onderliggende tema.
- Verduidelik hierdie stelling kortliks. (2)
- (17)

**EN**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## Ek het 'n huisie by die see - H.A. Fagan

1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag  
 2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan  
 3 teenaan die rots waarop my huisie staan  
 4 met al die oseaan se woeste krag.  
 5 Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,  
 6 soos van verlore siele in hul nood  
 7 al dwalend, klagend, wat in graf en dood  
 8 geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.  
  
 9 My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.  
 10 Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,  
 11 ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;  
 12 hierbinne is dit veilig, warm en dig.  
  
 13 Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –  
 14 Dit is die rots waarop my huisie staan.

(Uit: Soos die windjie wat suis en ander gedigte Nasionale Pers, 1949)

- 9.14 Wat is die doel van die verkleinwoorde in die gedig? (1)
- 9.15 Skryf slegs die korrekte antwoord neer:  
 Die laaste twee reëls van die gedig is 'n \_\_\_\_.
- A sestet.  
 B sonnet.  
 C monoloog.  
 D koeplet. (1)
- 9.16 Benoem die rymskema wat in die eerste kwatryn voorkom. (1)
- 9.17 Haal EEN woord aan om aan te dui dat die golwe sonder ophou slaan. (1)

9.18 Kies die aanhaling in KOLOM A wat die beste by die terme in KOLOM B pas.

Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (9.18.1.– 9.18.4.) neer, byvoorbeeld 9.18.5. F.

KOLOM A		KOLOM B	
9.18.1	“die winde huil”	A	vergelyking
9.18.2	“ ‘n klag soos van verlore siele in hul nood”	B	personifikasie
9.18.3	“Hoe loei die storm daarbuite”	C	alliterasie
9.18.4	“a <sub>l</sub> dwa <sub>l</sub> end k <sub>l</sub> agend”	D	onomatopee
		E	sinestesie

(4)

9.19 Waarna soek die siele? (versreëls 6 - 8) (1)

9.20 Bespreek kortliks die kontras tussen dit wat binne in die huisie is teenoor dit wat buite plaasvind. (2)

9.21 Watter uitdaging rig die spreker aan die natuur? (1)

9.22 Hoekom is die spreker daarvan oortuig dat sy huis veilig is? (1)

9.23 Waarom word die woord “winde” en nie “wind” nie, in die gedig gebruik? (1)

9.24 Watter TWEE sintuie word veral in die gedig gebruik om die storm en die huisie binne te beskryf? (2)

9.25 Haal EEN voorbeeld van assonansie uit die koeplet aan. (1)

9.26 Watter tegniek gebruik die digter in hierdie gedig om die eindelose beweging van die see aan te dui en versterk? (1)

(18)

**[35]****GROOTTOTAAL: 70**